

1 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 5

Fokusgedeelte: Genesis 5:24

Dood, waar is jou angel?

Die dood bly darem verskriklik –

- Dit kom; jy kan dit nie keer nie
- Dit is die vreeslike gevolg van die sonde
- Dit skeur, breek en bring trane.

Dieselfde terneergedruktheid sien ons in die geslagregister van Genesis 5. Dit is gebore word, leef, om maar weer te sterwe ... en so volg een geslag op die ander.

Wie sal ons tog verlos van hierdie dood?

Gebore word ... leef ... om weer te sterwe? Nee, nie Henog nie! Hy word gebore, leef ... om aan te hou lewe! God het hom na Hom toe weggeneem. In Hebreërs 11: 5 lees ons dat hy geleef het soos God dit wou.

Nee, ons is nie 'n Henog nie ... en ons leef nie in alles soos God dit wil nie. Beteken dit dan dat ons gebore word, leef, om dan maar net te sterwe?

Nee, Henog en ons redding lê nie in ons manier van lewe nie, nie in hoe ons die verskriklike straf op die sonde ontvlug nie, maar in Jesus Christus wat die volle pad van die sondestraf vir ons geloop het en die dood vir ons doodgemaak het. In Johannes 11:25 sê Hy: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.”

Wat met Henog gebeur het, was 'n heerlike profesie van wat dié Een uit sy nageslag eeue later genadig aan ons kom gee het, die wonder van die ewige lewe. Nou is ons dood “nie 'n betaling vir ons sondes nie, maar slegs 'n afsterwe van sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe” (HK, antw 42).

Dood, waar is jou angel nou?

Ons kan daarom maar net 'n dankbare lewe lei om God groot te maak. Dit beteken: “lewe as nuwe mense ... lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig” (Ef 4:24).

Jy? Wil jy leef om dood te gaan, of om te lewe?

Sing: Skrifberyming 2-5(33):3

Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)